SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

VERKIESING 2025 ELECTION

saou@saou.co.za 012 436 0900 www.saou.co.za Reg No: LR2/6/2/531

01/2025 2025/08/07

# PUR Verkiesingsnuusbrief
## NOORD-KAAP

Agtergrondinligting:

Die SAOU se Grondwet bepaal dat daar elke 3 jaar 'n verkiesing van elke provinsie se verkose leiers sal wees. Daarom is 2025 verkiesingsjaar vir die SAOU se lede. Elke lid se deelname is van onskatbare waarde, want dit is die lede wat bepaal wie hul belange moet beskerm en hulle spreekbuis by die werkgewer moet wees.

2025 se verkiesing sal weereens in totaliteit elektronies gedoen word. Elke lid sal dus in totale privaatheid sy / haar stem kan uitbring.

Hieronder volg organisatoriese inligting wat belangrik is:

1. Die **SAOU** ***NOORD-KAAP*** is om organisatoriese redes in **3 kringe** verdeel. Elke kring is verder verdeel in 3 streke.
2. Indien u onseker is binne watter provinsiale SAOU-kring u val, raadpleeg die ingeslote lys. (Sien Skakel)
3. Uit elke kring moet **3 kringverteenwoordigers** verkies word en hierdie **verkose lede** vorm dan deel van die Provinsiale Uitvoerende Raad **(PUR)**.
4. Wanneer lede nominasies maak, moet die vereistes van die Grondwet in gedagte gehou word. ***(Daarvolgens word verlang dat jonger persone, mans en dames, alle rasse, gestremdes verteenwoordig word.)***
5. **Elke lid mag 'n maksimum van drie lede binne sy / haar kring as Kringverteenwoordiger nomineer**. Indien slegs drie persone uit 'n bepaalde kring genomineer word, sal hulle as wettig verkose beskou word. Dit sal dus beteken dat die lede in daardie kring nie hoef te stem nie. Die spesifieke werkswyse vir stemmery sal in 'n latere verkiesingsnuusbrief in meer besonderhede verduidelik word.
    - 5.1 'n Aparte nominasie-, sekondering- en aanvaardingsvorm moet vir elke genomineerde voltooi word.
    - 5.2 Elke genomineerde lid moet 'n verkorte CV indien. 'n Elektroniese vorm wat sal assisteer in die verband, sal by wyse van SMS of e-pos aan die genomineerde versend word. Die CV / -aanvaardingsvorm sal ook die genomineerde die geleentheid gun om toestemming te verleen dat sy / haar

# PEC Election newsletter
## NORTHERN CAPE

Background information:

The SAOU's Constitution stipulates that every 3 years there will be an election of each province's elected leaders. Therefore, 2025 is election year for the members of the SAOU. Each member's participation is invaluable, as it is the members who determine who should protect their interests and be their voice with the employer.

2025's election will once again be done entirely electronically. Each member will therefore be able to cast his / her vote in total privacy.

Below is organizational information that is important:

1. The **SAOU NORTHERN CAPE** is divided into 3 **circuits** for organizational reasons. Each circuit is furthermore divided into 3 districts.
2. If you are unsure within which provincial SAOU circuit you resort, consult the enclosed list. (See link)
3. From each circuit 3 **circuit representatives** must be elected and these **elected members** then form part of the Provincial Executive Council **(PEC).**
4. When members make nominations, the requirements of the Constitution must be kept in mind. **(It is required that younger people, men and women, all races and disabled people should be represented.)**
5. **Each member may nominate a maximum of three members within his / her circuit as Circuit Representative**. If only three people from a particular circuit are nominated, they will be considered duly elected. This will mean that the members in that circuit do not have to vote. The specific method for voting will be explained in more detail in a later election newsletter.
    - 5.1 A separate nomination-, seconding, and acceptance form must be completed for each nominee.
    - 5.2 Each nominated member must submit an abridged CV. An electronic form that will assist in this regard will be distributed via email or SMS to the nominee. The CV / acceptance form will also give the nominee the opportunity to give permission for his / her information (not contact information) to be shared with the members. The nominated

inligting (nie kontakbesonderhede) met die lede gedeel mag word. Die genomineerde sal ook 'n kop-en-skouers foto van hom / haar moet verskaf vir stembrief doeleindes.

5.3 Lede sal op 25 **Augustus 2025** per **Verkiesings Nuusbrief 2** ingelig word rakende die nominasie- en verkiesingsprosesse, asook die sperdatums verbonde aan beide prosesse.

6. **Betrokkenheid van SAOU-lede:**
   Alle prosesse, uitslagvorms en relevante verkiesingsdokumentasie sal geverifieer en bekragtig word deur 'n onafhanklike Ouditeursfirma. Die besonderhede van die genoemde ouditeursfirmas kan bekom word via die Provinsiale Sekretaris.

Alle betalende SAOU-lede moet betrokke wees by hierdie belangrike prosesse in die funksionering van die SAOU en moet nou reeds begin met die identifisering van lede wat hulle as hulle leiers in die onderskeie posisies wil laat verkies.

LET WEL: Studente / Internskap-opvoeders en lewenslange lede neem nie deel aan die PUR verkiesingsprosesse nie.

Die persone wat u as leiers verkies, sal u belange by die tersaaklike strukture gaan verteenwoordig.

candidate will also be required to submit a head-and-shoulders photo of himself/ herself for ballot paper purposes.

5.3 Members will be informed on **25 August 2025** by **Election Newsletter 2** regarding the nomination and election processes, as well as the deadlines associated with both processes.

6. **Involvement of SAOU members:**
   All processes, outcome forms and relevant election documentation will be verified and validated by an independent Auditing Firm. The details of the said auditing firms can be obtained via the Provincial Secretary.

All paying SAOU members must be involved in these important processes in the functioning of the SAOU and must already start identifying members who they want to be elected as their leaders in the respective positions.

PLEASE NOTE: Students / interns and lifelong members do not participate in the PEC election processes.

The persons you elect as leaders will represent your interests in the relevant structures.

